

# Die Prospekterder se Reg op Minerale

Duard Barnard  
Pretoria-Balie

## Summary

*In respect of a large percentage of minerals, the extent of a successful prospecting process can be such as to result in the prospector having won minerals with a substantial value. This discussion examines the rights of a prospector to these minerals.*


*By way of introduction the common law position regarding the ownership of minerals and the attitude of the State is mentioned.*

*As the rights of a prospector to minerals are affected by the type of minerals involved, the different minerals are divided into the four standard convenient divisions, namely precious stones, precious metals, natural oil and base minerals. The law applicable to each category differs markedly and differences are also found in each category.*

*The different enactments are mentioned and discussed critically. The variety of the rights a prospector may have is apparent. He becomes the owner of some minerals. He is entitled to the proceeds of others. In certain instances he has some provisional rights that are made final by the written permission of the State or the holder of the mineral rights. In some instances there are uncertainties as to what the prospector's rights are. It is doubted whether the prospector is adequately protected. A reconsideration of a prospector's position and of his rights could be appropriate.*

## Inleiding

Prospektering is gewoonlik 'n proses wat groot afmetings aanneem. Dit was slegs in die beginjare van die ont-



ginning van die minerale-rykdom in Suider-Afrika dat prospektering by die ontdekking van 'n mineraal afgehandel was. Behoorlike prospektering vereis dat vasgestel moet word of die minerale wat ontdek is, ekonomies ontgin kan word. Sekere minerale mag ingevolge die bepalings van die Wet op Mynregte, 20 van 1967 (hierna die 1967-Wet genoem) slegs ontgin word nadat die Staat 'n myn huur daarvoor toegeken het. Artikel 25(3)(a) bepaal dat geen myn huur toegeken word nie tensy

... die Minister oortuig is dat daar redelike grond bestaan om te vermoed dat die betrokke edelmetaal of onedele mineraal of aardolie in ontginbare hoeveelhede voorkom in of op die grond waaroor die huur toegeken staan te word. . .

'n Mineraal soos steenkool se teenwoordigheid in ontginbare hoeveelhede kan bepaal word onder meer deur die ontleding van 'n prospekterboor se kern. Die teenwoordig-

heid van ontginbare reserwes edelmetale, edelgesteentes en sekere onedele minerale, soos lood en kwik sal egter slegs bewys kan word indien die prospekterder dosyne tonne erts uitgegrawe en verwerk het en 'n voldoende ryk fonds van die mineraal daar gekry het. Vergelyk ook die omskrywing van die woord 'prospekteer' in a 1 van die Wet op Edelgesteentes, 73 van 1964 (hierna die 1964-Wet genoem).

## Doel van artikel

Dit bring dus mee dat die omvang en waarde van minerale wat tydens prospektering gewen is baie hoog kan wees en die doel van hierdie artikel is dan ook om die prospekterder se regte ten opsigte van hierdie minerale te ondersoek.

## Gemeenregtelike situasie

Oor wie gemeenregtelik die eienaar van minerale is, bestaan daar volkome eenstemmigheid. Terwyl die minerale nog deel van die grond uitmaak, is die eienaar van die grond ook die eienaar van die minerale wat daarin voorkom, ongeag wie die houër van die mineraleregte is. By ontginning van die minerale verander die situasie egter.

Ontginning kan omskryf word as die proses waardeur minerale blootgelê en losgemaak word en van die res van die grond geskei word sodat 'n duidelik herkenbare mineraal (hetsy dit nog in erts vorm is, al dan nie) geïdentifiseer kan word en waaroor

die ontginning beheer kan neem. Sodra ontginning plaasgevind het, setel die eiendomsreg in die mineraal in die houer van die reg op die mineraal.<sup>1</sup>

## Staat se beleid

Met beperkte uitsonderings was dit nooit die beleid van die Staat (in teenstelling met die Staat as houer van die mineraleregte) in Suid-Afrika om op die opbrengs van minerale of op die eiendomsreg daarvan aanspraak te maak nie. Die Staat het wel, soos baie Middeleeuse groot landhere, die reg opgeëis om oor sekere minerale te beskik.<sup>2</sup> Die effek hiervan is nie om aan die Staat enige direkte reg op die minerale of op die opbrengs daarvan te verleen nie. Wat wel gebeur is dat die beskikkingsproses behoorlik

beheer word en dus ordelik verloop en dat die Staat onder meer as fiskus sy volle aandeel kry.

## Minerale verdeel in kategorieë

Ter ordening is minerale in 'n paar kategorieë verdeel. Die een kategorie is edelgesteentes (diamante, robyne en saffiere) soos in die 1964-Wet bepaal. In die 1967-Wet word die ander minerale in drie kategorieë verdeel. Die edelmetale (goud, silwer, platina, iridium, ander platina-groepmetale en al hierdie metale se ertse) is een kategorie. Aardolie word as 'n verdere kategorie genoem en behandel. Onedele minerale, die laaste kategorie, is al dié minerale wat nie reeds hierbo genoem is nie. Water

en grond is nie minerale nie, behalwe as 'n stof met kommersiële waarde, soos sout, daaruit onttrek kan word. Alhoewel sekere spesiale bepalinge aangaande steenkool, tieroog en bronmateriaal gemaak is, ressorteer dit steeds onder onedele minerale.<sup>3</sup> Nie alleen verskil die tersaaklike bepalinge van kategorie tot kategorie nie, maar bestaan daar ook verskillende bepalinge binne 'n bepaalde kategorie.

## Edelgesteentes

Wat edelgesteentes betref, bepaal a 4 van die 1964-Wet dat prospektering op Staatsgrond (waar die Staat die eienaar van die grond en die houer van die mineraleregte daarop is) gedoen mag word ingevolge 'n prospekterhuur deur die Staat toegeken. In die prospekterhuur word die verhouding tussen die Staat en die prospekterder gereël. In die besonder kan daar ingevolge a 4(2)(b) van die Wet in die prospekterhuur bepaal word dat die prospekterder 'n deel van die opbrengs van die edelgesteentes aan die mynkommissaris moet oorbetal. Dit wil voorkom asof die wetgewer van die standpunt uitgaan dat die prospekterder op die eiendomsreg en opbrengs van die edelgesteentes geregtig is. Dit is nie die geval nie. Die Staat as houer van die mineraleregte word na ontginning die eienaar van die edelgesteentes en is as sodanig geregtig op die opbrengs daarvan. Indien dit die bedoeling van die wetgewer was om die eiendomsreg op edelgesteentes ontgin op Staatsgrond aan die prospekterder oor te dra (en daar is in a 4(2)(b) aanduidings dat die wetgewer dit in gedagte kon gehad het) het die bedoeling nie duidelik genoeg tot uiting gekom nie. Nalate om ooreen te kom oor die verdeling van die opbrengs van die edelgesteentes tussen die Staat en die prospekterder kan tot gevolg hê dat die Staat, en nie die prospekterder nie, op die volle opbrengs van die edelgesteentes geregtig is. Dit is in stryd met die hele trant van die 1964-Wet en rym ook nie met die breë beleid aangaande die bevordering van prospektering na minerale soos onder meer uit a 4(4)(d) blyk nie.

Ingevolge a 5 van die 1964-Wet mag onder andere die eienaar of 'huurder' (soos in a 1 omskryf) van vervreemde Staatsgrond (dus grond



waarvan die Staat nie die eienaar is nie, maar ten opsigte waarvan 'n voorbehoud van die reg op edelgesteentes ten gunste van die Staat bestaan) daarop prospekter mits hy in besit van 'n prospekterpermit is. Artikel 9(5) bepaal dat

'n [h]ouer van 'n prospekterpermit, . . . tensy by regulasie anders bepaal word, geregtig [is] op die opbrengs van edelgesteentes deur hom gevind . . .

Uit die algemene strekking van a 9(5) en veral a 9(6) blyk dit nie dat so 'n prospekterder eienaar van die edelgesteentes ná ontginning word nie.<sup>4</sup> Die Staat bly dus die eienaar. Die prospekterder is egter daarop geregtig om die edelgesteentes te verkoop en die volle opbrengs te behou, behalwe waar by regulasie bepaal word watter ' . . . aandeel in die opbrengs . . . die Staat toekom . . . '. Die artikel is prinsipiële suiwer.

## Prospektering op private grond

Ingevolge a 6(1)(a) mag die houer van die reg op edelgesteentes op private grond (dit is grond waar die Staat nie die reg op edelgesteentes het nie) prospekter mits hy in besit van 'n prospekterpermit is. Hy mag ook ingevolge a 6(1)(b) 'n ander enkele persoon skriftelik magtig om te prospekter onderhewig aan dié 'bedinge en voorwaardes' in die toestemming vervat. Dit wil hieruit voorkom dat die skriftelike toestemming voorsiening kan maak aangaande die eiendomsreg van ontginde edelgesteentes, asook op welke wyse die opbrengs daarvan verdeel moet word. Indien na a 6 alleen gekyk word lyk dit asof, in die afwesigheid van enige 'bedinge en voorwaardes' in so 'n skriftelike toestemming, die houer van die reg op edelgesteentes se eiendomsreg en reg op opbrengs op ontginde edelgesteentes ongeskonde bly. Artikel 9(5) (hierbo aangehaal) werp twyfel hierop. *Prima facie* lyk dit asof a 9(5) ook op a 6-gevalle toepassing vind. 'n Prospekterpermit word omskryf as 'n permit ingevolge beide aa 5 en 6 uitgereik. Indien a 9(5) op a 6-gevalle<sup>5</sup> van toepassing is ontstaan etlike probleme. Een voorbeeld is dat by 'n a 6(1)(b)-geval, waar 'n toepaslike beding ontbreek, die houer van die reg op edelgesteentes se reg op die opbrengs van sy edelgesteentes onteien word ten gunste van 'n ander

onderdaan van die Staat met vergoeding ten gunste van die Staat (indien 'n regulasie bestaan), maar sonder vergoeding ten gunste van die houer van die reg op edelgesteentes. Dit mag ook wees dat 'n beding ingevolge a 6(1)(b) waarin bepaal word dat 'n deel van die opbrengs die houer van die reg op edelgesteentes toekom, nietig is omdat dit bots met a 9(5).

Na skrywer se mening kan daar met oortuiging aangevoer word dat a 9(5) beperkend uitgelê behoort te word en dat a 6-gevalle dus nie getref word nie. So 'n beperkende uitleg is deur Tindall R (soos hy toe was) ten opsigte van a 9(5) en (6) se voorganger gevolg.<sup>6</sup> Verder, alhoewel skrywer met agting nie die motiveering en benadering van Goldstein R volledig deel nie, ondersteun hy sy stelling

. . . that s 9(5) regulates the relationship between the State and the prospector and has nothing to do with any contractual relationship between the holder of a prospecting permit and any other permit.<sup>7</sup>

Skrywer sou hier wou byvoeg dat met 'State' bedoel moet word die Staat slegs in sy hoedanigheid as houer van mineraleregte, indien enige, en nie in enige ander hoedanigheid nie.

## Onsekerheid

In die lig van die onsekerheid wat daar steeds bestaan oor die korrekte uitleg van a 9(5) kan dit oorweeg word om die 1964-Wet te wysig om a 9(5) en (6) se moontlike toepassing op 'n a 6-situasie uitdruklik uit te sluit en op 'n a 4-situasie van toepassing te maak.

## Onedele minerale

By onedele minerale waar die Staat nie die houer van die regte tot die onedele minerale is nie, het die Staat prakties gesproke geen direkte beheer oor die prospektering na of ontginning van onedele minerale nie. Artikel 2(1)(b) van die 1967-Wet bepaal dat

. . . die reg om op enige grond na onedele minerale te prospekter en daarvoor te myn en daarvoor te beskik by die houer van die reg op onedele minerale ten opsigte van die grond, [berus].

Waar die Staat nie die houer van die reg op die onedele minerale op sekere grond is nie, kan die houer van die

regte en 'n voornemende prospekterder kontrakteer soos hulle wil en die onedele minerale ontgin soos hulle wil (mits natuurlik voldoen word aan die vereistes van ander tersaaklike wette, soos bv die Wet op Fisiese Beplanning, 88 van 1967). Daar is ook in die 1967-Wet geen beperking nie op die reël dat die eiendomsreg en die reg op opbrengs van minerale die houer van die reg tot onedele minerale toekom en word die houer se bevoegdheid om sy regte kontraktueel aan 'n prospekterder oor te dra ook nie beperk of gekwalifiseer nie. Omdat so 'n prospekterder nie binne die omskrywing van die woord 'prospekterder' in a 1 van die 1967-Wet val nie, is die beperkende bepaling vervat in a 21 van hierdie Wet nie op hom van toepassing nie. In die lig hiervan is dit onseker waarom die woorde 'of onedele minerale' in a 21(3)(a) ingevoeg is.

## Prospekterder se regte: hoe geraak

Een manier waarop so 'n prospekterder se regte wel geraak kan word is deur die werking van a 15 van die 1967-Wet. Artikel 15 maak voorsiening vir 'n prosedure wat amper as 'n tipe onteiening beskryf kan word. Waar die Staat van mening is dat onedele minerale (of edelmetale) nie behoorlik geprospekter of ontgin word nie en dit behoorlik gedoen behoort te word, kan 'n prospekterhuur toegeken word aan dié persoon wat dit wel behoorlik sal doen. Die a 15-prospekterder het dan die plig ingevolge a 15(3)(a) om huurgeld vir sy prospekterhuur aan die mynkommissaris te betaal en moet hierdie huurgeld dan aan die houer van die mineraleregte oorbetal word. Die prospekterder sal ook dié regte ter vervreemding van erts hê wat hom ingevolge a 21(a) toekom. Indien aan 'n ander persoon 'n vroeër prospekterreg toegeken was, verloor hy weens sy nalate hierdie prospekterreg en alle regte wat daarmee saamhang.

Die Wette wat tieroog, steenkool en bronmateriaal direk beheer (sien voetnoot<sup>3</sup>) raak aspekte soos die produksie, bemarking en gebruik van hierdie onedele minerale en by bronmateriaal, ook die openbare veiligheid.<sup>8</sup> Die Wette het nie 'n wesenlike invloed op die prospekterder se regte nie.

## Aardolie

In a 2(1)(a) is die reg om vir aardolie te prospekter vir die Staat voorbehou. Ingevolge a 14 van die 1967-Wet mag die Staat 'n prospekterhuur vir aardolie aan 'n voornemende prospekterder toeken. Die waarde van die olie wat tydens prospektering onttrek word, kan op nul geplaas word omdat dit vir navorsing gebruik sal word en nie kommersieel bemark sal word nie. Die prospekterder se reg daarop kan geïgnoreer word. 'n Prospekterder sal slegs 'n prospekterhuur aangaan ingevolge a 14 ten einde sy reg te vestig om as prospekterder geregtig te raak op 'n mynhuur vir aardolie ingevolge a 25(1)(c) van die 1967-Wet.

## Prospektering na edel- en onedelmetale

Die reg om na edelmetale te prospekter word nie vir die Staat voorbehou nie, maar dit geskied tog onder die Staat se wakende oog. Magtiging in een of ander vorm moet altoos verkry word om te prospekter na edelmetale, ongeag of die Staat die reg tot edelmetale hou, al dan nie, en ook om te prospekter na onedele minerale waar die Staat die houer van die regte daartoe is. Die magtigings kan wees 'n prospekterlisensie (ingevolge a 12 en sien ook a 19), 'n prospekterpermit (ingevolge a 7) of 'n prospekterhuur (ingevolge aa 13, 15 en 16).

## Prospekteerder se regte ten opsigte van minerale

Die reg wat 'n prospekterder het of mag kry op enige minerale verkry tydens prospektering, word in a 21 van die 1967-Wet gereël. 'n Prospekterder wat ingevolge 'n a 15 prospekterhuur (die reeds gemelde 'onteienings'-artikel) op minerale afkom, het die reg ingevolge a 21(1) om die erts van die minerale vir die doel van massatoetse te verwyder. Die verwydering bring aan hom geen inkomste nie en maak hom ook nie die eienaar van die minerale nie. Hy mag wel oor die minerale beskik. Die Minister moet egter die hoeveelhede daarvan en die voorwaardes waaronder hierdie beskikking mag plaasvind, bepaal. Dit kan aanvaar

word dat so 'n prospekterder oor die beskikking met die Minister se amptenare sal onderhandel en die uiteindelijke bepaling sal neerkom op 'n uiteensetting van sy regte ten opsigte van die minerale tydens prospektering verkry, presies asof dit kontraktueel gereël is.

## Beskikking oor metale of minerale gevind tydens prospektering

Artikel 21(2) bepaal dan dat behoudens die bepalings van a 21(1) geen prospekterder (op die woordomschrywing van dié woord in a 1 moet gelet word) enige edelmetaal of onedelmetaal of onedele mineraal deur hom tydens prospektering gevind, mag verwyder of daarvoor beskik sonder dat die mynkommissaris sy vergunning daartoe verleen het nie. Die effek van hierdie artikel is om die tegeldemaking van minerale wat tydens prospektering gevind is ordelik te laat geskied en seker te maak dat elkeen wat op 'n deel van die opbrengs geregtig is, dit kry. Die mynkommissaris sal nie so 'n vergunning verleen waar die Staat op tantième geregtig sou wees en die vergunningsaansoek oor tantième swyg nie. Dit sou die geval wees waar die Staat die houer van die mineraleregte is. Waar iemand anders (nie die prospekterder nie) die houer van die mineraleregte is, moet hierdie houer se skriftelike toestemming 'n aansoek ingevolge a 21(3) vergesel. Dit kan aanvaar word dat die houer van die mineraleregte nie sy skriftelike toestemming sal gee sonder dat hy voldoende vergoeding daarvoor beding of reeds beding het nie. So 'n skriftelike toestemming is nie nodig as dit reeds in 'n dokument soos 'n geregistreerde prospekter-ooreenkoms vervat is nie.

Die skrywers Franklin & Kaplan (sien voetnoot 1) noem op p 371 drie redes waarom so 'n vergunning deur die mynkommissaris verleen sou word. In die eerste plek sal so 'n vergunning verleen word waar die minerale neerslag so klein is dat 'n formele myn nie voorsien word nie, maar dit wenslik is om die volle neerslag uit te werk. In die tweede plek sal toestemming verleen word waar die koste van prospektering hoog is en dit wenslik is dat die prospekterder finansiële hulp uit die verkoop van die opbrengs van sy prospektering

ontvang. 'n Derde rede kan wees dat die prospekterder onseker is hoe suksesvol die mineraal bemark kan word en dit nodig is om 'n toetsbemarking te loods ten einde die bemarkings- en verkoopsptensiaal van die mineraal te probeer vasstel. Skrywer meen dat daar verdere redes kan bestaan op grond waarvan so 'n vergunning verleen kan word.

Indien 'n vergunning egter nie verleen word nie, is die opbrengs uit prospektering vir die prospekterder slegs van waarde vir sover dit hom in staat sal stel om die Minister daarvan te oortuig dat daar ontginbare hoeveelhede van die mineraal voorkom – indien hy ingevolge a 25 om 'n mynhuur aansoek sou wou doen.

Die aard van die geskiedkundige ontwikkeling van die rol van die prospekterder en die funksie van prospektering het daartoe meegehelp dat die regte van 'n prospekterder soveel verskillende verskyningsvorms kan aanneem. 'n Prospekterder kan ook nie aldag seker wees wat die presiese omvang van sy regte is nie. Tans is die beskerming wat 'n prospekterder geniet ook beperk van omvang. 'n Sekere mate van ordening in hierdie veld sal nie onvanpas wees nie. ■

## VOETNOTE

- 1 CG van der Merwe *Sakereg* 1979 403. Franklin & Kaplan *The Mining and Mineral Laws of South Africa* 1982 6 en 113. CP Joubert *Die Regte op Minerale* THR-HR(22) 1959 27.
- 2 Sien die *Sir John Craddock Proclamation* 1813 a 2 van Wet 1 1883 van die ZAR en moontlik a 10 Wet 44 1927. Vergelyk ook Franklin & Kaplan 36 voetnote 33 en 34.
- 3 Sien die Wet op Diamante 56 van 1986, die Wet op Steenkool 32 van 1983 en die Wet op die Beheer van Tieroog 77 van 1977.
- 4 Kontrasteer a 9(5) en 9(6) van die 1964-Wet se voorganger, a 10 van Wet 44 1927, waarin bepaal word dat so 'n prospekterder '... is as daar geen regulasies is nie, geregtig op alle edelgesteentes...'
- 5 Die skrywers Franklin & Kaplan is van mening dat dit wel die geval is. Sien 295.
- 6 Sien *Ex parte Pretorius* 1934 TPA 287 aangaande a 10 van Wet 44 1927.
- 7 Sien *Elandsdooft Trust and Others v Emjeff (Pty) Ltd* 1988 2 SA 50 (T) 53B.
- 8 Sien Hoofstuk IV van die Wet op Kernenergie, 92 1982 en veral a 47 daarvan.